P r e e k o p s o m m i n g

Tema: ***Manne!*** *Maak die VENSTER oop vir God!*
Teks: Daniël 6:1-29
Teksvers: Daniël 6:11 ***"Toe Daniël hoor dat die dekreet uitgevaardig is, het hy na sy huis toe gegaan. Sy dakkamer se venster het na Jerusalem se kant toe gekyk en soos sy gewoonte was, het Daniël voortgegaan om drie maal per dag voor God te kniel en Hom te prys, te aanbid en te dank."***
Datum: 18 Mei 2008 (Erfdeel Gemeente)
Prediker: Ds Peet Louw (Tel 0844451772 of 057 3884533)

Ek glo God het 'n reuse plan met SA in die wêreld. Ons is die land in die wêreld waar die vlam van Christenskap nog die hoogste brand van alle lande. Ons is die land in die wêreld wat waarskynlik nog die meeste godsdiensvryheid het van alle lande het. Ons is die mees Christelike land in die wêreld - en dis mos net vanselfsprekend dat God die vlam van hoop in die wêreld van ons af en deur ons sal aansteek. Ons het alles om dit te doen, maar dit gebeur nog nie op almag-skaal nie, want ons huis is nie in orde nie.

Ons is 'n verstopping in die pyp van God se almag! Ons is die blokkasie - ons Christene in SA!!

Ons is soos rykmanskinders wat net wil rondsit en kyk hoe alles om ons ondergaan. Ons lewer baie kritiek, maar ons doen niks om dit te verander nie - dalk het ons moed opgegee. *Angus Buchan* het op 'n keer gesê, *"Baie van ons breek soveel af met ons tonge, dat die duiwel nie regtig werk het om te doen nie."* Een van die segmente van ons bevolking wat die meeste skuld hiervoor moet vat, is mans - blanke, Afrikaanse mans! Ek en jy!! En ek deel die siening van baie groot Christen-leiers, soos *Angus Buchan* en ander in SA, wat sê, as die Christen manne in SA gaan opstaan, gaan die gety draai!!

Tot dusver was dit nog net die vroue wat opgestaan het - ek moet dit tot my eie skande erken - dis die vrouens wat die Christendom in SA gedra het en gebring het waar ons vandag is - nou is dit die mans se beurt om 'n verskil te maak!!

Daar is interessante navorsing wat so 'n paar jaar gelede in die wêreld gedoen is. Op grond van die navorsing sê hulle die volgende:

- As 'n **kind** tot bekering kom , sal 3/100 gesinne deur die invloed van die kind ook tot bekering kom;
- As 'n **vrou** tot bekering kom, sal 17/100 gesinne deur haar toedoen tot bekering kom;
- As 'n **man** tot bekering kom, sal 90/100 gesinne deur sy invloed tot bekering kom.

Ek probeer glad nie vroue se rol onderspeel of onderskat nie - verstaan my mooi - ek het ongelooflike respek vir wat Christen-vroue al deur die eeu in die wêreld en spesifiek in SA gedoen het en steeds doen. In bykans alle gemeente in SA is dit die vrouens wat die doeners is! Hulle is die mense wat die dinge laat gebeur. Maar hulle kan nie die gety in ons land alleen laat draai nie - die manne moet saam met hulle opstaan. Die manne moet hulle Godgegewe rolle opneem - dis hoe God dit bedoel het, dis hoe God manne gemaak het. En as ons manne begin opstaan vir die Here saam met die vroue, gaan die dinge in SA begin gebeur.

Ek is oortuig dit het by die *Mighty Men Conference* 2008 op Greytown begin gebeur. 'n Golf het ontstaan onder die manne - en SA gaan dit voel in die volgende paar maande!!

Maar hoe moet ons manne opstaan? Wat moet ons doen??

Dis waar **Daniël** in die prentjie kom!! Daniël se lewe was op die spel - die wet wat uitgevaardig is, waarvan ons lees in **Daniël 6** het bepaal dat iemand wat 'n ander God as die koning aanbid, doodgemaak moet word.

Maar **Daniël** het te midde van hierdie doodsgevaar die **VENSTER** vir God in sy lewe oopgehou! Hy't opgestaan vir die Here al kon dit sy lewe kos.

En het jy gesien? Die Here het hom **dubbeld geseën** - Hy't vir Daniël guns gegee by die koning - die koning was so half eerder aan Daniël se kant - en toe het God ook die leeus se bekke gesluit!!

Daniël 11:32 sê, ***"Dié wat in hulle God glo, ... sal sterk staan en doen wat reg is."*** As jy opstaan vir die Here sal Hy jou sterk maak. As jy die VENSTER van jou hart vir die Here oophou, elke dag, as jy elke dag tyd spandeer aan en saam met die Here, sal Hy jou sterk maak en groot dinge deur jou doen!!

Maar, kom ons wees eerlik met mekaar! Dit kos jou baie om 'n Christen te wees - daar's 'n hoë prys wat jy betaal as jy vir die Here opstaan!

1. **Jy sal baie van jou vriende verloor**!! Jou vriende sal jou soos 'n warm patat los as jy die reguit pad begin stap! Maar as jy minder vriende het met wie jy ure sit en kuier, sal jy meer tyd hê om saam met die Here deur te bring!!!
2. **Mense sal jaloers raak op jou!** As jy guns by die Here kry, omdat jy sy pad stap, as die Here jou begin seën, sal mense jaloers raak op jou. Omdat die Here vir Daniël geseën het met uitsonderlike bekwaamheid, het die mense rondom hom so jaloers geraak op hom dat hulle hom wou doodmaak. As die Here jou begin seën omdat jy die regte pad stap, sal mense wil hê wat jy het - dan sal hulle teen jou opstaan!! Wees gewaarsku!
3. **Dis soms 'n verleentheid om 'n Christen te wees,** omdat mense nie verstaan hoe dit werk nie. Jy het na afloop van MMC die negatiewe kommentaar in die koerante gelees oor *Angus Buchan*. Dis mense wat nie verstaan nie! Mense verstaan nie hoe God werk as hulle koud is teenoor Hom nie - en hulle sal dit op jou uithaal!

Daar is 'n hoë prys aan Christenskap, maar as jy opstaan vir die Here sal Hy jou sterk maak!!

Om op te staan vir die Here moet jy die VENSTER van jou hart en jou lewe elke dag vir Hom oopmaak. Jy moet tyd by Hom en aan Hom spandeer, jy moet sy Woord lees en dit vat en die glo en daarvolgens lewe!!

Dan sal die Here jou sterk maak soos Daniël. Dan hoef jy nie bang te wees oor wat in SA gebeur en gaan gebeur nie. Dan hoef jy nie bang te wees vir *Thabo Mbeki* of *Jacob Zuma* nie. Want as die manne saam met die vroue opstaan in SA, sal die Here die gety draai - Hy kan dit doen en Hy sal die doen!! Dis nie ons wat die gety draai nie, dis Hy! Hy is almagtig om dit te doen - Hy soek net iemand wat sal opstaan, deur wie Hy dit kan doen.

As die Here in Daniël se tyd 'n heidense koning, Darius, wat gedink het hyself is 'n god, kon omkeer deur Daniël, kan Hy dit vandag ook doen met *Thabo Mbeki* of *Jacob Zuma* of wie ookal, maar ons moet opstaan vir Hom!! Hy het gekies om deur mense te werk. Iemand moet vir die Here opstaan in SA - en op hierdie stadium glo ek die groep wat die grootste impak gaan hê, is manne - ek en jy! Ons moet saam met die vroue opstaan. Die meeste vroue staan reeds vir die Here, kom ons staan op saam met hulle!

Suid-Afrika wag dat Christenmanne moet opstaan vir die Here!! Die Here wag vir jou om op te staan! Jou vrou en kinders wag vir jou om op te staan, want God wil deur jou en my SA omkeer!! Kom ons swem die golf wat begin het!! Maak die VENSTER van jou hart en jou lewe oop vir die Here!! Elke dag!! Soveel as moontlik, maak tyd vir die Here - dan sal Hy jou sterk maak!!